



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. 17 Januarie 2021

Tweede Sondag ná Epifanie

Skrifgedeelte: Markus 1:1-8

Tema: Gereed om Jesus te volg

Markus is haastig om by die punt van sy verhaal uit te kom: dat Jesus die Messias, die Gesalfde is, die Seun van God. Dis wat hy wil hê sy lesers moet weet en glo. Daar is 'n dringendheid in hom. Hy wil hê mense moet Jesus leer ken. En daarom draal hy nie met sy vertelling nie. Hy val as 't ware met die deur in die huis.

Program vir die week

Vandag:

- **Aanlyn-erediens** olv ds Jaco Thom. Kry dit op ons webwerf of toep.
- **Deuroffer:** Plaaslike behoeftige leerders


Volgende Sondag:

- **Aanlyn-erediens** olv ds Jaco Thom. Kry dit op ons webwerf of toep.
- **Deuroffer:** NGKA Vrystaat (Botshabelo)

Allerlei

Ons eie gemeente-toep (app)

Jy kan nou NG Kerk Petrusburg se toep vir jou slimfoon aflaai by die Playstore of die App Store. Soek **NG Kerk Petrusburg**, laai af, installeer en registreer, en siedaar! Dis heeltemal gratis. Jy kan die hoofstuk van die dag, die erediensvideo's en nog meer daar kry. Ook kennisgewings.



Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

18 Stefan du Plessis (jnr); Flip Kotzé; Meisie Moolman

21 Hanco Hugo; Freek Oosthuizen; Abel Tollemache; Reinette Watt



Kerkkalender 2021

Die kerkkalender vir 2021 is nou beskikbaar. Die kalender het baie mooi gekom en al die nodige inligting is saamgevat daarin. Die diakens sal elke wyk se kalender kry en dit uitdeel, of haal joune af by die kerkkantoor.

Biddende Hande

Gebede vir HERLEWING...

Kenmerke van 'n geestelike herlewing:

'n Herlewing lei altyd daartoe dat Christene onder die oortuiging van sonde kom. Mense wat daarop aanspraak maak dat hulle God ken, sal nie ontwaak om die Here te dien voordat hulle hul harte deursoek het en van hulle sonde bewus geword het nie. Die mag van sonde moet gebreek word. (*Repenting from evil places you on the highway of holiness* – Spreuke 16:17a, The Passion Translation)

Skrifgebed (Luk 11:9; Joh 10:9; Kol 1:9-12) Here Jesus, U leer vir ons in U Woord dat ons moet bid, en vir ons sal gegee word; soek, en ons sal vind; klop, en vir ons sal oopgemaak word. Here, U is die Deur vir die skape, as iemand deur U ingaan sal hy gered word, hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind. U, Vader, sál die Heilige Gees gee vir die wat vra ...

Daarom dan, hou ons nie op om vir alle gelowiges te bid nie.

Ons bid dat ons vervul mag word met die volle kennis van God se wil deur al die wysheid en insig wat die Gees gee,

om 'n lewe te lei wat U, Here waardig is en U in alles tevrede te stel terwyl ons vrug dra deur elke goeie werk, en groei in die kennis van God, en deur die mag van U heerlijkheid al die krag ontvang om geduldig in alles te volhard.

Met blydschap wil ons U, Hemelse Vader, dank omdat U ons geskik gemaak het om deel te hê aan die heiliges se erfdeel in die lig. Amen

- Dank die Here vir **blydschap** onder alle omstandighede – ook die verlengde inperking en alles wat daarmee gepaard gaan.
- Bid vir **Marius Stander** – prys die Here vir beterskap en bid vir volkome herstel.
- Bid steeds vir almal wat **siek** is in hierdie tyd.
- Vir alle **gesondheidswerkers** ... Hou hul daaglik in gebed!
- Die **Sopkombuis** se nuwe staanplek en alle behoeftes daaraan verbonde.
- **Sondebesef** in my eie hart.
- **Kinderbediening** in Petrusburg en Bolokanang. Ons glo dit is die Here se wil dat ons in Sy tyd met "Good News Clubs" in die gemeenskap moet begin om meer kinders te bereik. Dit behels 'n uur per week waartydens kinders 'n Bybelles en evangelie ontvang, memoriseervers ens. Ons is ook besig met opleiding van kinderwerkers sodat verskillende kerke hulle eie klubs kan vestig. Sonder GEBED kan ons nie hierdie groot werk uitvoer nie. Bid asb vir ons vir baie duidelike leiding en gehoorsaamheid, en die voorbereiding van kinderharte.

Leraar:	Jaco Thom	084 523 1157	jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Kantoor:	Madette Lombaard	053 574 0279	ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis:	Elmien Thom	084 562 3434	elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster:	Annamarie Dercksen	072 499 4262	annamarie.dercksen@yahoo.com
Webwerf	www.ngkerkpetrusburg.co.za		facebook NG Kerk Petrusburg
Kantoorure	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
Bankrekening	ABSA Tjekrekening 2610580001		